

Vrydag 28 April

Skrifgedeelte: Romeine 8:12-17

Fokusgedeelte: Romeine 8:16

Die Gees van God getuig dat ons kinders van God is

Dit is vir mense belangrik hoe hulle getipeer word, veral op godsdienstige gebied. Baie is gesteld daarop om “gereformeerd” genoem te word – en inderdaad is dit ’n woord met ’n ryk betekenis. Ander verkies om “Christen” genoem te word, want so het die Christusgelowiges deur die eeue bekend geword (Hand. 11:26).

Paulus gebruik hier die mees beskrywende woord wat vir sodaniges gebruik kan word, naamlik “kind van God”. Dit is ’n tipering wat oorvloedig in sowel die Ou as Nuwe Testament gebruik word.

Paulus vervolg: ’n Kind van God mag God as Vader, *Abba*, aanspreek – ’n woord met dieselfde gevoelswaarde as ons woord *Pappa*. Dit getuig van diepe afhanklikheid van die Vader en van sy sorgvuldige sorgsaamheid teenoor sy kinders. In hierdie verband speel die persoon en werk van die Gees van God en van Jesus Christus ’n deurslaggewende rol. “Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God.”

Die Gees van God maak nie van ons slawe wat in vrees vir hulle base lewe nie, maar kinders van ’n liefdevolle, sorgsame en verlossende Vader. En as jy *kind* is, dan volg daar nog méér, dan word jy ook ’n *erfgenaar*, ’n erfgenaam saam met Christus. Jy deel in die verlossingswerk en verheerliking van Christus.

Kinders van God is dus Geesvervulde mense. Hulle laat hulle lewe nie beheers deur hulle sondige natuur nie, maar maak ’n einde aan die sondige praktyke.

Leef jy as ’n Geesvervulde kind van God of as ’n bese geesvervulde slaaf van Satan?

Sing: Skrifberyming 20:1, 4-7

Prof. JH (Amie) van Wyk (Emeritus)